BRYANSTON PARALLEL MEDIUM

ESPRIT DE CORPS

# SKOOLINFORMASIE

# 2021

# BRYANSTON PARALLEL MEDIUM

SLOANE STRAAT/STREET
POSBUS/P.O.BOX 69188
BRYANSTON
2021

HOOF: R.KACHELHOFFER
TEL: 011 463 1414/5/6
EMAIL:principal@bpms.co.za
WEB: www.bpms.co.za


**UIT DIE KANTOOR:**

Geagte Ouers/Voogde

By Bryanston Parallel Medium, val die klem op onderrig in totaliteit.

Dit is vir ons baie belangrik dat u gemoedsrus moet ervaar, met die wete dat ons opvoeding ooreenstem met u eie waardesisteem tuis.

Die Skoolhoof en leerkragte van BPMS poog werklik om die leerproses vir die leerder so aangenaam as moontlik te maak. Elke kind is 'n wenner as hy optimaal daarin slaag om probleme op te los en sodoende 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel.

Daar word verwag dat leerders en ouers respek moet hê vir die gesag en reëls van die skool. Ons glo dat basiese goeie orde en 'n gesonde gesags- en dissipline struktuur onontbeerlik is vir 'n suksesvolle opvoedingsmilieu.

By Bryanston Parallel Medium bied ons iets vir almal, maar ook iets vir die individu.

Ouerbetrokkenheid word aangemoedig, sodat ons 'n band kan skep tussen die skool, ouer en leerder. Dit bevorder eengesindheid, begrip en waardering vir alle partye betrokke.

Gun u kind die geleentheid om gelukkig, in 'n atmosfeer van sukses te ontwikkel en te groei.

Sterkte vir u aandeel in u kind se loopbaan en mag u gelukkige laerskooljare saam met ons meemaak.

Welkom by Bryanston Parallel Medium Skool.

Vriendelike groete

R.Kachelhoffer
*Skoolhoof*

# <u>BRYANSTON PARALLEL MEDIUM in Perspektief</u>

## Akademie

Buitengewone goeie onderrig is waarvoor die Skoolhoof en personeel van BPMS hul beywer. Om 'n positiewe en suksesvolle akademiese atmosfeer te skep is dit nodig dat die Onderwyser, die leerder en die ouers in harmonie met mekaar is. Solank die beste belang van die kind ten alle tye vooropgestel word is 100% sukses moontlik. Goeie kommunikasie is ten alle tye noodsaaklik.

Dit is van uiterse belang dat leerders daagliks die huiswerk voltooi wat van hulle verwag word. Leerders moet alle assesserings en take voltooi binne die gegewe tydperk. Gedurende eksamen- en toetstye moet leerders goed voorbereid wees vir hul toetse.

Ons verwag dat ouers seker maak u kind se huiswerk is gedoen en assesserings en take word voltooi op gegewe datum. Dit is in u kind se belang dat u hulle ondersteun waar hulle dit nodig het.

Afrikaans HT en EAT leerders vaar puik met ATKV Spellathon en ATKV kreatiewe skryf.  In 2019 het ons 'n nasionale wenner.

## Kultuur

Bryanston Parallel Medium spog met ongelooflike kultuurleerders en aktiwiteite!.

### Redenaars
In 2019 wen ons leerders altesaam 9 Nasionale trofeë in onderskeie kompetisies soos Oppietong af en Interskole. Ons is die algehele wenskool Nasionaal. Daar was nagenoeg 80 1e plekke in ons Redenaars en Public Speaking deelnames. Vier leerders verteenwoordig ons ook by die ATKV nasionaal in 2019. In 2020 het nie eers die grendelstaat ons beperk nie en ons het 28 Nasionale Redenaars eerste plekke.  Sien redenaars temas vir 2021 aangeheg.

### Spanredenaars
In 2019 het ons 21 spanne wat meestal eerste plekke verower. By die ATKV Spanredenaars wen ons die Jnr en Intermediêre trofee asoook algehele wenskool trofee. Ons leerders geniet die Spanredenaars en Team Orators onsettend baie en werk hard om in 'n span te kom. In 2020 neem 9 spanne nasionaal deel en 5 spanne word as kampeioene aangewys.




Kaalvoet
Wonder
Fees
Huistaal Graad 1 tot 3
Letters
Voetspore
Voel
Kaalvoet
Wonder
Fees
Huistaal en Addisionele Taal
Graad 4 en 5
Toekoms
Liefhê
Afronding
Letters
Voetspore
Voel
Huistaal en Addisionele Taal
Graad 6 en 7

### Senior Koor – Graad 4 -7

Om te sing in die BPMS Senior koor is werklik ‘n wonderlike ervaring. Hier groei, leer en werk ons as ‘n eenheid. Dit is baie verrykend!
Om deel te wees van die koor vereis harde werk en baie selfdissipline. Leerders moet toegewyd wees en verantwoordelikheid neem as hul deel is van ‘n groep met mede-entoesiaste. In 2019 het ons Senior Koor 6 diplomas ontvang by die NEA en ‘n verdere 3 diplomas ontvang by die ATKV Applous. Die senior koor oefen vir 2 ure ‘n week en kamp jaarliks saam by Wag-‘n-bietjie. Duncan Fourie is ons koorleier, Gert Potgieter begelei en Juf. Elnet Ferreira bestuur die koor.

### Junior Koor – Gr 1 – 3

In 2018 het BPMS die Junior Koor gestig. Dit is voorwaar ‘n onvergeetlike ervaring om deel te wees van die koor. Leerders oefen een uur per week en spog trots op die televisie met ‘n Sing in Harmonie finaal. Die Junior Koor verower ook verskeie diplomas. Juf. Nina Jacobs is die Junior Koorleier.

## Sport

Bryanston Parallel Medium bedryf ses verskillende sportsoorte. Die skool beskik oor ‘n gekwalifiseerde en gemotiveerde afrigtingskorps en is opreg trots op die prestasie wat behaal is. ‘n Hoë doelwit word geplaas vir die skep van geleenthede vir massadeelname en dat die kind dit wat hy/sy doen, moet geniet.

Dit is van uiterse belang dat leerders elke oefening bywoon aangesien daar met elke oefensessie nuwe vaardighede aangeleer word. Dit leer hulle ook die vaardigheid om as deel van ‘n span te funksioneer. Leerders wat nie oefeninge bywoon nie kan nie verwag om gekies te word vir wedstryde nie.

## Atletiek

Atletiek vind in die eerste en in die vierde termyn plaas. Dit word beoefen deur al ons leerders vanaf O/6 tot O/13. Naelope, hekkies, middelafstande, verspring, hoogspring en gewigstoot is die items wat aangebied word.

Interhuis vind plaas in die eerste asook die vierde termyn. Die leerders word in drie spanne ingedeel. Daar word aan vriendskaplike byeenkomste deelgeneem in die eerste termyn. By hierdie byeenkomste word die beste atlete gekies om aan die Clusterbyeenkoms deel te neem. Atlete kan by die Distrikbyeenkoms kwalifiseer om aan die Gauteng Atletiek Kampioenskappe deel te neem.

## Rugby

### TAU Rugby (O/7 &O/8)

Ons seuns word op 'n vroee ouderdom aan rugby blootgestel deur "welpie rugby." Ervare afrigters neem hierdie seuns onder hul vlerk en leer hulle basiese vaardighede en tegnieke. 'n Liefde vir die spel word aangemoedig en van 'n jong ouderdom af, verkry. Drie spanne per ouderdomsgroep groep word elke jaar ingeskryf en verskeie wedstryde word gespeel. Alle seuns word uitgenooi om by hierdie spesiale groep aan te sluit. Speeltyd word gebasseer op ‘n rotasie sisteem om te verseker dat elke seun gelyke speeltyd/kans kry.

### Senior Rugby (O/9 – O/13)

Eerste en tweede kwartaal. Bryanston Parallel Medium is geaffilieer by die Goue Leeus Primere Skolevereniging en speel Sentrale Streek in Afdeling B.

### Toere (O/9 – O/13)

Die rugbyseuns gaan elke jaar op toer om hul vaardigheid en spangees te verbeter asook hul liefde vir die spel verder te ontwikkel. Ouers moet hierdie toer in gedagte hou wanneer hulle vir die jaar begroot. Toere vind plaas aan die einde van kwartaal 1 in die Maart/April vakansie.

O/9 – O/11 A-spanne toer na Konka en ons Eerste span gaan jaarliks op die gesogte Marlow toer. Ons moedig elke seun aan om betrokke te raak by die spel.

### Speeltyd van seuns

BPMS hou jaarliks deeglike proewe om te verseker dat ons die beste van seuns op die velde plaas. Ongelukkig kan elke seun nie die A-spanne verteenwoordig nie en word dan in 'n B-span geplaas. Alhoewel B-spanne minder wedstryd tyd kry, is daar steeds bekwame afrigters om volkome ontwikkeling te verseker.

### 7's Rugby (O/12 & O/13)

Hierdie is 'n sport wat ons graag wil bou en groei in die toekoms. O/12 en O/13 seuns neem deel in Termyn 3 en Termyn 4.

## Tennis

Graad 1 – 3 leerders neem deel aan ontwikkelings-tennis regdeur die jaar wat plaasvind op Maandae.
Graad 4 – 7 leerders neem deel aan ontwikkelings-tennis in die derde en vierde kwartaal wat op Vrydae plaasvind.
Graad 4 en 5 leerders neem deel aan tennis in die tweede en derde kwartaal.
Graad 6 en 7 leerders neem deel aan tennis in die eerste en vierde kwartaal.
Oefendae en tye sal aan ouers gekommunikeer word.

Tennis spanspelers neem deel aan plaaslike en provinsiale toernooie elke jaar.

## Netbal

Netbal by BPMS word passievol afgerig, wat daartoe lei dat ons spanne op die hoogste vlak presteer.

### Mini-netbal vir graad 1 - 3

Hierdie ouderdomsgroepe speel mini-netbal. Vir hulle om te leer hoe om die spel te speel, roteer hul posisisies tydens elke wedstryd volgens die Mini-netbalreëls. Dit moedig spelers aan om as 'n span saam te werk en op 'n informele wyse blootgestel word aan die sport. Hierdie spanne speel nie ligawedstryde nie. Die o / 7- en o / 8-spanne neem deel aan vriendskaplike wedstryde, toernooie en sportdae. Die o / 9-spanne neem deel aan die D9 o / 9 Mini-netbal Fees, vriendskaplike wedstryde en toernooie.

### Netbal vir graad 4 - 7

BPMS het 4 ouderdomsgroepe wat aan JOMO liga deelneem nl. O/10, O/11, O/12 en O/13. Elke ouderdomsgroep het 'n A-span, B-span, C-span en D-span. Die JOMO-liga is die hoogste netballiga in Johannesburg. Ons eindig dikwels 1ste of 2de in die liga. Die 0/12A en 0/13A span kan kwalifiseer vir die Gauteng Netbalkampioenskappe. BPMS kwalifiseer vir die afgelope tien jaar vir hierdie kampioenskappe.

In 2019, wen vier van ons spanne die JOMO Superliga.

BPMS bied in Desember 2020, 'n Fast 5 netbal toernooi aan.

### Afrigting

Al die afrigters by BPMS woon jaarliks afrigtingskursusse by sodat ons verder kan voortbou op ons suksesse met die nuutste vaardighede en denke.

### Kampe en toere

Ons O/8-spanne woon 'n Ma- en Mini kamp by in November ter voorbereiding van o/9-netbal.
Hierdie kamp word aangebied deur Sportisimo.
Al die ander spanne vanaf 0/9 - 0/13 woon jaarliks 'n netbalkamp by. Dit word aangebied deur dr. Elsje Jordaan, voormalige Protea-ploere sowel as provinsiale netbalspelers. Die O / 9A - O / 12A-spanne neem ook deel aan die Sportisimo Netbaltoernooi wat in die April-skoolvakansie gehou is ter voorbereiding van hul ligawedstryde

In 2021 sal ons eerste en tweede netbal spanne deelneem aan die Topskoletoernooi in George.

## Krieket

Vind plaas in die derde en vierde kwartaal.
Die skool beskik oor 7 krieketnette wat met astro-turf bedek is. BPMS het 2 binnehuis krieketnette met 3 bouwlmasjiene. Sewe spanne neem deel aan wedstryde, waarvan 6 spanne liga speel. Die graad 1 en 2 seuns neem deel aan mini-krieket en ontvang puik afrigting van afrigters. Mini-krieket bestaan uit 6 spanne; 3 in elke ouderdoms groep.

### Toere

O/9 tot 1ste span seuns toer jaarliks na Konka.

## Hokkie

### Mini Hokkie

Mini-hokkie is 'n sewe-een-kant spel wat op 'n kwart veld gespeel word. Die meeste reëls van veldhokkie geld. By BPMS doen meisies mini hokkie vanaf Gr R - 3 (o/6 - u/9). In die begin van die derde kwartaal is daar 'n jaarlikse hokkiekliniek vir O/6 tot O/8 dogters.

### Meisies Hokkie (O/9 – O/13)

Dogtershokkie begin amptelik aan die begin van die 3de kwartaal. Aan die einde van die 2de kwartaal is daar 'n jaarlikse hokkiekamp.

### Seuns Hokkie (O/12 & O/13)

Seuns hokkie is vir die eerste keer in 2016 by die skool geïmplementeer. Slegs u / 12 en u / 13 seuns speel hokkie. Seunshokkie begin amptelik aan die begin van die 3de kwartaal. Aan die einde van die 2de kwartaal is daar 'n jaarlikse hokkiekamp.

## Skaak

Alle leerders sal 'n leergang ontvang wat deur ChessKids ontwerp is. Leerders kry toegang tot Chesskids om regstreekse speletjies te oefen. Die speletjies sal deur Michelle Kotzé gemonitor word.

## Fondsinsamelings-projekte

Fondsinsameligs-projekte geskied regdeur die jaar. Ons moedig ouers aan om betrokke te raak en te help waar hul kan. Fondsinsameling is 'n groot deel van BPMS en sodoende 'n groot deel van wat gebeur by die skool. Alle fondse dra by tot elke leerder se voordeel van puik onderrig.

Ondersteun asseblief ons fondinsamelings-projekte waar u kan, die fondse word vir die leerders en die skool aangewend om ons goeie standaard en voorkoms te handhaaf.

## Nasorg

Nasorg is beskikbaar vir alle leerders teen 'n ekstra koste. Leerders moet ingeskryf word en ouers sal dan 'n rekeningnommer ontvang. Leerders kry middagete waarna hulle verplig is om na die huiswerkklas te gaan. Me. Alecea Snyders is die hoof van die nasorgafdeling en enige navrae kan aan haar gestuur word per epos: aftercare@bpms.co.za

Leerders wat nie betyds opgetel word na skool, word in 'n wagklas geplaas teen 'n daaglikse fooi.

## Snoepwinkel

Ons skool het 'n puik snoepwinkel waar leerders gesonde kos, sowel as lekkernye kan koop. Leerders mag **slegs** vanaf tweede pouse lekkernye koop.

Lunchcard is 'n foto-ID kaart en 'n kontat vrye manier vir leerders om items by die snoepwinkel te koop. Ouers kan registreer op die lunchcard webtuiste www.lunchcard.co.za. Sien ook die webtuiste vir meer inligting.

## Rekenaarsentrum

Die skool beskik 'n ten volle toegeruste-rekenaarsentrum waar leerders alle rekenaarvaardigehede aanleer. Graad 1 – 7 leerders het een rekenaar periode in 'n vyfdag-siklus.

## Tweedehandse Klerewinkel

Die skool se tweedehandse klerewinkel het 'n groot verskeidenheid skoolklere teen 'n bekostigbare prys. Die tye van die winkel sal op die "communicator" verskyn, so wel as op die weeklikse nuusbrief.

# Bryanston Parallel Medium Skoollied

Ons leer saam ‘n toekoms bou,
by Bryanston Parallel Medium.
Dis ons tweede huis, ‘n plek van groei.
Geplant. Gewater. Gesnoei.
Solank ons saamstaan: hand-aan-hand
Knieë gebuig: “Heer seën ons land!”

Eenheid met diversiteit,
ons heg waarde aan waarheid.
Ons reënboognasie- ons inspirasie
Hier wil ons bly:

ESPRIT DE CORPS!

We’re guided to a brighter future
at Bryanston Parallel Medium
It’s our second home, where there’s room to bloom.
Planted. Watered. Pruned.
We’re standing together hand in hand
on our knees: “Lord, bless our land!”

Here we welcome diversity
and we value unity.
Our rainbow-nation, our inspiration
we’ll stay the course:

ESPRIT DE CORPS!

# ALGEMENE INLIGTING

## 1. Fisiese adres

Hoek van Mainweg en Sloanestraat, BRYANSTON, 2021

## 2. Posadres

Die Skoolhoof
Bryanston Parallel Medium
Posbus 69188
Bryanston
2021

## 3. Kontaknommers

| | |
|---|---|
| Skool: | 011 - 463 1414 |
| Pre-primêr: | 011 - 706 1116 *(08:00 – 13:00)* |
| Faks: | 011 - 706 7899 |

## 4. Epos adresse

| | |
|---|---|
| Skoolhoof – Mnr R. Kachlhoffer | principal@bpms.co.za |
| Hoof se Seketaresse – Me. M Maree | secretary@bpms.co.za |
| Adjunk Hoof – Mnr I Klopper | iklopper@bpms.co.za |
| Hoof van Grondslagfase (Gr 1 – 3) - Me. W Engelbrecht | wengelbrecht@bpms.co.za |
| Hoof van Akademie (Gr 4 – 7) - Me. A Nel | annemien@bpms.co.za |
| Hoof van Kultuur – Me. R Meiring | ronel@bpms.co.za |
| Toelatings – Me. M Schulze | admin@bpms.co.za |
| Algemene Navrae – Me. J Botha | kids@bpms.co.za |
| Finansies – Me. C Pelser | carlap@bpms.co.za |
| Debiteure (Skoolfonds & Naskoolfondse) – Me. C Vorster | finance@bpms.co.za |
| Nasorg - Me. A Snyders | aftercare@bpms.co.za |

## 5. Kantoorure

| | |
|---|---|
| Maandae tot Donderdae: | 7:15 – 14:00 |
| Vrydae: | 7:15 – 13:40 |

## 6. Webtuiste

www.bpms.co.za

## 7. Skooltye

**07:30 – 13:00** Maandae tot Vrydae vir alle Graad 1 en 2 leerders
**07:30 – 13:40** Maandae tot Vrydae vir alle Graad 3, Graad 4, Graad 5, Graad 6 en Graad 7 leerders

*As gevolg van COVID-19 kan skooltye verskil van bo genoemde.

## 8. Kalender vir 2021

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1** | 26 & 27 Januarie | - | 31 Maart |
| **Kwartaal 2** | 13 April | - | 25 Junie |
| **Kwartaal 3** | 13 Julie | - | 23 September |
| **Kwartaal 4** | 5 Oktober | - | 8 Desember |

## 9. Finansies vir 2021

Skoolgelde is 'n statutêre verpligting. Skoolgelde word eenmalig in Januarie vir die volle jaar gefaktureer en is ten volle betaalbaar voor 31 Januarie 2021. Om die finansiële las op ouers te verminder, is 11 gelyke paaiment betaalbaar vanaf Januarie tot Novemeber van elke akademiese jaar.
Die maandelikse betalings is vooruitbetaalbaar, voor die 7de van elke maand. Neem kennis dat indien u een maand agterstallig is, die volle skoolgelde dadelik betaalbaar en verskuldig is. Die skool verkies dat ouers 'n debiet aftrekkingsorder teken.

Kontak vir Celeste op finance@bpms.co.za of 011 463 1414 indien daar verdere navrae is.

Bank Besonderhede vir Laerskool:

| | |
|---|---|
| Bank: | FNB |
| Rekening nr: | 62 02 60 55 261 |
| Tak kode: | 250 655 |
| Verwysing: | Beskikbaar by kantoor |

# SCHOOL FEES 2021 SKOOLGELDE

| | | |
|---|---|---|
| **GRADE 1 & GRADE 2 / GRAAD 1 & GRAAD 2** | | |
| Annual School Fees per learner | **R38 500.00** | Jaarlikse Skoolgelde per leerder |
| Payable in 11 equal monthly installments (01 Jan – 01 Nov) | **R3 500.00** | Betaalbaar in 11 gelyke maandelikse betalings (01 Jan –01 Nov) |
| Once off payment on or before 31 January 2021 | **R34 650.00** | Eenmalig vooruit betaal voor 31 Januarie 2021 |
| 10% Discount | **R3 850.00** | 10% Afslag |
| **GRADE 3 / GRAAD 3** | | |
| Annual School Fees per learner | **R34 650.00** | Jaarlikse Skoolgelde per leerder |
| Payable in 11 equal monthly installments (01 Jan – 01 Nov) | **R3 150.00** | Betaalbaar in 11 gelyke maandelikse betalings (01 Jan –01 Nov) |
| Once off payment on or before 31 January 2021 | **R31 185.00** | Eenmalig vooruit betaal voor 31 Januarie 2021 |
| 10% Discount | **R3 465.00** | 10% Afslag |
| **GRADE 4 – 7 / GRAAD 4 - 7** | | |
| Annual School Fees per learner | **R30 250.00** | Jaarlikse Skoolgelde per leerder |
| Payable in 11 equal monthly installments (01 Jan – 01 Nov) | **R2 750.00** | Betaalbaar in 11 gelyke maandelikse betalings (01 Jan –01 Nov) |
| Once off payment on or before 31 January 2021 | **R27 225.00** | Eenmalig vooruit betaal voor 31 Januarie 2021 |
| 10% Discount | **R3 025.00** | 10% Afslag |
| **MONTHLY AFTERCARE / MAANDELIKSE NASORG** | | |
| FULL DAY – 17:30<br>Payable over 10 equal monthly payments (01 February – 01 November)<br>*Invoicing from FEB due to late start in JAN* | **R1 160.00** | VOLDAG – 17:30<br>Betaalbaar oor 10 gelyke maandelikse betalings (01 Februarie – 01 November)<br>*Fakturering vanaf FEB weens laat begin in JAN* |
| HALF DAY – 15:00<br>Payable over 10 equal monthly payments (01 February – 01 November) | **R750.00** | HALFDAG – 15:00<br>Betaalbaar oor 10 gelyke maandelikse betalings (01 Februarie – 01 November) |
| **DAILY AFTERCARE / DAAGLIKSE NASORG** | | |
| Till 15:00 | **R70** | Tot 15:00 |
| Till 17:30 | **R120** | Tot 17:30 |

A PENALTY FEE OF R100 WILL BE CHARGED FOR EVERY HALF AN HOUR LATE COLLECTION
'N BOETE VAN R100 SAL GEVRA WORD VIR ELKE HALF UUR WAT U KIND LAAT AFGEHAAL WORD

SCHOOL AND AFTERCARE FEES ARE PAYABLE IN ADVANCE BEFORE THE 7TH OF EACH MONTH
SKOOL EN NASORGGELDE IS VOORUITBETAALBAAR VOOR DIE 7DE VAN ELKE MAAND

HOLIDAY CARE IS ARRANGED DIRECTLY WITH AFTERCARE (aftercare@bpms.co.za)
VAKANSIE SORG WORD DIREK MET NASORG GEREEL (aftercare@bpms.co.za)

OPGESOMDE WEERGAWE VAN DIE GEDRAGSBELEID VIR
LEERDERS EN OUERS

1. ALGEMENE BEGINSEL

- Daar word van leerlinge verwag om ten alle tye beleefd en bedagsaam teenoor mekaar te wees asook alle personeel en besoekers aan die skool.
- Daar word van leerlinge verwag om ten alle tye die skoolreëls te volg in verband met voorkoms en gedrag wanneer leerlinge die skool verteenwoordig gedurende skool ure asook na skool en wanneer hulle weg van die skool af is. Leerders mag niks doen of sê wat hulself of die skool sal diskrediteer nie.
- Geen leerder het die reg om gedrag te toon wat die opvoedkunde in die klas sal ontwrig nie. Leerders mag ook geen skade rig aan ander leerders hetsy fisies of emosioneel nie.

Die skool sal die ouers/voogde kontak wanneer 'n leerder se gedrag 'n rede tot kommer word, en sal dan poog om die probleem op 'n konstruktiewe manier op te los.

2. SKOOL EN KLAS BYWONING

Ouers/voogde, leerders, onderwysers en BL lede is gesamentlik verantwoordelik om toe te sien dat alle leerders skool bywoon.

- Alle leerders moet teen 07h25 by die skool wees. Leerders wat laat is vir skool sal as afwesig gemerk word wanneer die registers voltooi word aan die begin van die dag. Skool begin om 07h30.
- OUERS WORD VERSOEK OM HUL KIND TE KOM INTEKEN IN DIE KANTOOR WANNEER HULLE LAAT IS.
- Afwesigheid van 'n klas sonder toestemming vanaf die betrokke onderwyser of vak onderwyser is verbode.
- Enige afwesigheid van skool moet deur 'n nota bevestig word deur die ouer/voog.
- Enige afwesigheid van 'n formele eksamen, toets of taak moet deur 'n brief bevestig word van waar die leerder was gedurende die tydperk.
- Geen leerder mag die skool verlaat gedurende skoolure sonder 'n brief van die ouer/voog wat toestemming vra vir die verlos van hul kind, en ook nie sonder die toestemming van die Hoof/Onderhoof nie.
- Leerders wie na skool moet wag vir vervoer moet in die toegekende area wag. Sulke leerders mag nie die perseel verlaat sonder toestemming nie.
- Stokkiesdraaiery is streng VERBODE
- Alle leerders moet saalopening bywoon en bly vir die totale duur daarvan.

3. SKOOL UNIFORM & ALGEMENE VOORKOMS

Daar word van die leerders verwag om die amptelike skooldrag te dra en moet netjies wees ten alle tye.

SKOOLKLERE MOET DUIDELIK MET LEERDER SE NAAM EN VAN GEMERK WEES.

4. WAARDEVOLLE ARTIKELS EN PERSOONLIKE BESITTINGS

Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir die steel of beskading van persoonlike besittings op die skool perseel nie (voorbeeld: selfoon, sake, boeke, klere).

- Die gebruik van selfone op die perseel is streng verbode.
- Leerders moet daarteen waak om groot bedrae geld of waardevolle artikels skool toe te bring.
- Indien 'n ouer/voog versoek dat 'n leerder skoolfonds namens hulle te betaal, moet dit betaal word vóór skool.
- Alle klere, persoonlike besittings en boeke moet duidelik gemerk wees.

- Aflewering van items aan leerders gedurende die skooldag via die kantoor of enige ander manier is nie toelaatbaar nie. Geen kosblikke, geld, boeke, take sal aanvaar word by ontvangs vir die leerders nie. Slegs op die kind se verjaarsdag sal kolwyntjies of verjaarsdagpakkies aanvaar word.

5. KOMMUNIKASIE

- Huiswerk boekies (Gr.4-7) of huiswerk boeke (Gr.1-3) – Maak notas of gebruik om boodskappe aan die onderwysers te stuur. 'n Epos kan ook aan die onderwyser gestuur word. Epos adresse is op die webblad.
- Maak asb 'n afspraak indien u met die hoof of enige ander onderwyser wil vergader.
- Skeurstrokies moet asseblief terug gestuur word soos versoek.
- Alle huiswerk boekies moet daagliks geteken word.
- **Skoolreëls soos per die inligtingspakket / gedragskode moet streng nagekom word!**
- **D6 Communictor sal deel vorm van formele kommunikasie aan ouers.**

6. DISSIPLINE

In gevalle van skending van enige vorm van die Gedragskode vir leerders, sal die dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die skool om die dissiplinêre prosedure te gebruik, sal wangedrag in vier vlakke van erns of oortredings aangespreek word.

Leerders moet aan skoolleiers gehoor gee.

Indien 'n leerder se gedrag na 15 strafpuntstelsel punte detensie en of enige ander sanksie benodig sal die ouers deur 'n formele brief in kennis gestel word, en die brief sal geteken en teruggestuur moet word.

7. OPSKORTING VAN LEERDERS

Behoorlike stappe sal gevolg word indien 'n leerder geskors moet word. Oortredings was daartoe sal lei, sluit in maar is nie beperk tot die volgende:

Ouers sal in kennis gestel word voor opskorting.

a. Gedrag wat die veiligheid en regte van ander oortree;
b. Besit, dreigemente of gebruik van 'n gevaarlike wapen;
c. Besit, gebruik, oordrag of enige sigbare bewyse van narkotiese or ongemagtigde dwelms alkohol of sterk drank van enige aard;
d. Bakleiery;
e. Imorele gedrag of vloek;
f. Valslik identifisering – kopie van ouer se handtekening;
g. Skadelike graffiti, haatspraak, seksisme, rasisme;
h. Diefstal of besit van gesteelde eiendom; insluitend eksamen vraestelle voor dat die eksamen of toets geskryf is.
i. Oortreding van eksamen reëls; afskryf of kopie van werk;
j. Ontwrigtende, minagtende, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig op onderwysers of ander skool personeel of leerders;
k. Herdaaldelike oortredings van die skoolreëls en of die gedragskode;
l. Onregmatige aksie, vandalisme of vernietiging of ontsiering van skool eiendom;
m. Kriminele gedrag soos seksuele teistering, of in die besit van pornografiese materiaal.
n. Viktimisasie, boelies, teistering en intimidasie van ander leerders; en
o. Wetens en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onregverdige voordeel te wen by die skool.

**Die volle weergawe van die gedragskode vir ouers en leerders is beskikbaar op die skool webtuiste of 'n kopie kan aangevra word by die skoolkantoor.**

## Kommunikasie

Alle kommunikasie word uitgestuur aan ouers via die "school communicator". Die weeklikse nuusbrief word elke Vrydag op die communicator gelaai.

Dit is van uiterse belang dat u die "***school communicator***" aflaai van die web vir daaglikse kommunikasie/nuus tussen die skool en ouers. Die program word D6 School Communicator genoem. U kan dit op u selfoon en/of rekenaar installeer. Huiswerk en afbakenings word ook op die "communicator" gelaai.

Geen selfone of "smart watches" word by die skool toegelaat nie. Indien 'n leerder met 'n selfoon of 'n "smart watch" by die skool gevind word sal dit gekonfiskeer word en eers aan die einde van die kwartaal aan die leerder teruggegee word.

## Afsprake

Die hoof en onderwysers is beskikbaar vir afsprake indien nodig. Die kantoor kan geskakel word om afsprake te reël. Hiermee die kanale om te volg indien u 'n probleem, klagte, navraag het.

1. Kontak betrokke onderwyser deur n brief te stuur of 'n epos te stuur. (Personeel epos adresse kan op die wedtuiste gevind word)
2. Indien u nog nie tevrede is nie kan u die graadhoof kontak.
3. Daarna kan u die departementshoof kontak.
4. Die laaste stap sal 'n afspraak met die skoolhoof wees.

## Verlaat van die skoolterrein gedurende skoolure

Leerders mag alleenlik die skoolterrein verlaat nadat ouers hulle skriftelik uitgeteken het by die kantoor. Reëlings moet asb. vooraf per brief getref word met sy/haar register onderwyser. U kan ook n epos aan kids@bpms.co.za stuur indien u 'n reëling moet tref om u kind vroeër te kom afhaal.

## Afwesigheid / Siekte gedurende skooltyd

Indien 'n leerder afwesig was, moet sy ouers 'n nota/doktersbrief die eerste dag van terugkeer saamstuur.

Leerders moet deur 'n onderwyser/es kantoor toe gestuur word indien die leerder siek is en dan sal die skoolsekretaresse die ouers in kennis stel. Leerders **mag nie** self hulle ouers bel om hulle vir siekte te kom haal nie. Die skool mag **geen medisyne** toedien aan siek leerders nie, probeer dus u kind so gou moontlik haal indien u geskakel word.

## Skooleiendom

a. Slegs behoorlike versterkte tasse word toegelaat wat die boeke beskerm.
b. Leesboeke, skoolboeke en ander eiendom moet opgepas word en in 'n goeie toestand terugbesorg word.
c. Geen gekrap op banke, boeke en mure word toegelaat nie.
d. Niemand mag met elektriese- en brandbestrydingsapparate peuter nie.
e. Ander leerlinge se eiendom is privaat en moet alleen gelaat word.
f. Beskadigde eiendom moet herstel word op die ouer/voog se onkoste.

## Skoolverlating

Indien 'n leerder die skool gaan verlaat, moet 30-dae skriftelike kennis gestuur word aan admin@bpms.co.za en finance@bpms.co.za. Die epos moet die leerder se naam, van, graad, datum van verlating en die nuwe skool se naam bevat.

Alle leesboeke en skoolboeke moet ingehandig word. Uitstaande skoolgelde moet betaal word en daarna sal 'n oorplasingskaart uitgereik word.

## Verjaarsdae

Leerders mag op hul verjaardag gewone klere aantrek skool toe. Indien die leerder se verjaardag op 'n naweek val mag hul die Maandag daarna gewone klere aantrek. Indien die leerder se verjaardag gedurende die vakansie val mag die leerder die eerste dag van die nuwe kwartaal gewone klere aantrek.

## Oplaai en Aflaaipunte

**Aflaaipunte:**

Leerders mag op twee punte soggens afgelaai word. Punt 1 – die kantoorhek. Ouers parkeer in die parkeer area en stap oor saam met hul kinders na die hek. Punt 2 – die groot swart hek. Ouers parkeer in die parkeerarea en stap na die swart hek saam met hul kinders.

*Aflaaipunte mag verskil van bo genoemde a.g.v/tydens COVID-19

**Oplaaipunte:**

Leerders mag slegs by die swart hek opgelaai word in die middae. Die swart hek word 13:00 oopgesluit en weer 13:15 toegesluit. Graad 1 & 2 leerder wat nie deel is van die naskool en wat nie teen 13:15 opgelaai is nie sal in 'n wagklas gaan wag tot 13:40. Die hek word weer om 13:40 oopgesluit en leerders wat nie deel is van die naskool en wat nie teen 14:00 opgelaai is nie sal dan na 'n wagklas gestuur word.

*Oplaaipunte mag verskil van bo genoemde a.g.v/tydens COVID-19.

Ouers word verplig om hul kinders direk na skool op te tel of in die naskool in te skryf.

## Oueraande

Oueraande word deur die loop van die jaar aangebied. Ons verwag van ouers om oueraande by te woon om sodoende op hoogte te bly van u kind se vordering.

**Ouers moet die kommunikasie bladsy voor in elke leerder se assesseringsboeke gereeld nagaan en teken om sodoende op leerders se vordering bedag te wees.**

# INLIGTING IN VERBAND MET SKOOLDRAG

Skooldrag is beskikbaar by:
Constantia Uitrusters oorkant Randburg Hoërskool in Malibongwelaan (Tel : 011 – 791 1300)
Mc Cullagh & Bothwell by Fourways Crossing (Tel: 011 7051070)
School and Leisure by Lonehill Shopping Centre (Tel: 010 593 0884)
Tweedehandse klerewinkel @ BPMS

| | |
|---|---|
| Skoolkleure: | Koningsblou, grys, wit en rooi. |
| Kleurbaadjies: | Koningsblou Tetrex. |
| Skoolwapen: | Verpligtend op linkerborssak van kleurbaadjie. |
| Dik baadjie met rits: | Koningsblou dik baadjie met 'n rits en skoolwapen |
| Dogtersdrag: | SOMER:Wit- en donkerblou geruite skoolrok met wit kapmoue en wit kraag, geplooide bo-lyfie, effens geplooi in die middel met 'n gordel, A-lynromp. Wit kort omvou sokkies met swart skoolskoene.<br><br>WINTER: Navy blou 'pinafore' OF 'n Navy blou langbroek met ligblou skoolhemp, rooi das en blou sykouse of grys seunskouse, swart skoolskoene, skooltrui en kleurbaadjie of dik baadjie met rits. |
| Seunsdrag: | SOMER:Ligblou kortmou skoolhemp met die skoolwapen op, grys skoolkortbroek. Lang, grys Bryanston Parallel Medium kouse met 'n rooi, wit en blou strepie (winter en somer) en swart skoolskoene.<br><br>WINTER: Grys langbroek met ligblou langmou skoolhemp met rooi das, grys skoolkouse, swart skoolskoene, skooltrui en kleurbaadjie of dik baadjie. |
| Skoene: | SWART skoolskoene is verpligtend vir seuns en dogters. |
| Sportdrag: | Dogters rooi kortbroek met wit omboorsel, en 'n wit moulose t-hemp met rooi omboorsel en skoolwapen op. Seuns rooi kortbroek met wit omboorsel en 'n wit golf-hemp met skoolwapen op.<br>**LET WEL: Gedurende die kwartale sal elke sportsoort se drag weer aan ouers deurgegee word per brief.** |
| Juwele: | Geen juwele, behalwe horlosies mag gedra word nie (geen "smart-watches"). 'Studs' mag in die ore gedra word (ringetjies kan uitskeur en die kind beseer).SLEGS dogters mag 'studs' dra en slegs een stud per oor. |
| Hare: | Dogters: Haarlinte en rekballetjies - rooi/wit/blou.<br>Hare mag nie in die oë hang nie en lang hare moet vasgemaak word.<br>**Hare mag nie gekleur word nie en geen strepies in die hare is toelaatbaar nie.**<br><br>Seuns: Kort, netjies en skoon. Hare mag nie gekleur word nie. **GEEN haargel mag gebruik word nie. Geen "spiky" haarstyle nie. Sien seuns harebeleid.** |

SKOOLKLERE MOET DUIDELIK MET LEERDER SE NAAM EN VAN GEMERK WEES


## Reëls ten opsigte van voorkoms

- Truie en baadjies moet netjies pas en moue mag nie opgeskuif word nie
- Skoolklere moet skoon en gestryk wees
- Slegs erkende skoolskoene is toelaatbaar. Geen groot gespes op skoene nie.
- Geen "secret socks" nie
- Geen borsspelde behalwe skoolwapens mag gedra word nie.
- Erkende Provinsiale kleure mag die laaste Vrydag van elke maand gedra word.
- Geen grimering of geverfde vinger- en toonnaels nie.

## Haarbeleid: Seuns

Geen "highlights" of "gel"

Hare mag nie oor ore hang nie



Geen "step" of "spiky' hare

Hare moet 1cm bokant kraag wees

Kuif nie laer as die middel van voorkop nie

Geen onnatuurlike haarstyle nie: "mowhawk", "punk", gevleg ens.

Dit kom neer dat die hare kort en netjies versorg moet wees.

## Buitemuurse – aktiwiteite

Die volgende buitemuurse aktiwiteite word by die skool aangebied. Hierdie aktiwiteite is onafhanklik van die skool en ouers moet self kontak maak vir meer inligting.

**Judo:** Michael 076 652 8717 of Kantoor: 011 477 8281

**Karate:** Sensei Wiehahn Eksteen, 082 461 4245

**Tennis:** TNT Tennis, Derik Swanepoel 072 249 1999 of Melissa Dowse 083 333 3034

**Ballet:** Nicky Ridley's School of Ballet, 072 238 8063

**Musieksentrum:** Chrisna 0852 367 8323

**Pottebakery:** Annelie 083 435 1978

**Drama:** At Strydom 082 450 5887

## Terapeute

Die volgende terapeute is beskikbaar by die skool en praktiseer vanaf die skool. Ouers moet self kontak maak vir afsprake en meer inligting.

| | | |
|---|---|---|
| **Arbeidsterapeut:** | Debbie Burger | 082 430 8995 |
| **Spraakterapeut:** | Bea v.d Walt | 076 274 9181 |
| **Sielkundige:** | Hugo Rust | 083 266 7308 / 011 674 2540 |
| | Christelle du Plessis | 084 712 0428 |